

Vrydag 3 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:3

In die hemel sing ons 'n nuwe lied!

En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is (Op. 14:3, 1953-vertaling).

Hulle het 'n nuwe lied gesing. Alles in die hemel is nuut! Daar bly nie iets van hierdie sondige en besmette wêreld oor nie! Ons het tevore ook al met 'n nuwe lied kennis gemaak. *Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers (Op. 5:9, 10, 1953-vertaling).*

Die Bybel sê niks meer van die nuwe lied wat deur die 144 000 gesing word nie. Ons lei egter uit die res van hierdie openbaring af dat dit 'n lied moet wees waarin alle dank en lof en eer aan God die Vader en die Lam wat hulle verlos het, uitgesing word. Almal wat daar saam is, is juis tydens hulle aardse lewe uit 'n nag van vervolging en moord gered – sodat hulle nou vir ewig naby die Lam mag wees!

Hoe geseënd is ons! Want dis ons wat daardie nuwe lied saamsing!

Sing: Psalm 149-1:1

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)